


Afrikaanse leenwoorde

Hier is 'n paar ingeburgerde Afrikaanse woorde wat elk interessante en baie on-Afrikaanse geskiedenis het.




whiskey (nw.) ? Verkorte vorm van “whiskeybae”, uit Oudengels “usquebae”, wat afgelei is van die Gaelies “uisce” (water) en “bethu” (lewe). Letterlik: lewenswater.



robot (nw.) Ontleen uit Tsjeggies, waar “robota” beteken “gedwonge arbeid”.




pamflet (nw.) Afgelei van die titel van 'n Latynse liefdesgedig “Pamphilus” wat blykbaar fisiek van een persoon na die volgende aangegee is.




denim (nw.) Dié woord is ook nie Amerikaans nie. Die stof is oorspronklik in Nimes in Frankryk vervaardig en het bekend gestaan as “serge de Nimes” (letterlik: materiaal uit Nimes). Die “serge” het mettertyd weggeval en net die “de Nimes” het oorgebly.



sokker (nw.) Hierdie een kom wel uit Brittanje. Hoewel dit daar as “football” (of “footie”) bekend staan, is die bynaam “socca” aanvanklik uit die middel van die volle naam “Association Football” afgelei.




malaria (nw.) Direk oorgeneem uit die Latyn, waar “mal” beteken het “slegte” en “aria” beteken het “lug”. So genoem omdat die lug in die omgewing van die moerasse in Rome (waar die muskiete ook uitgebroei het) onaangenaam was.



avokado (nw.) (Ek wed jou jy het gewonder oor “avokado”.) Die Asteekse naam vir die vrug was “ahuacatl”, wat beteken het “testikel”. Ek dink almal sal saamstem dat ons eerder die leenwoord as die eg Afrikaanse naam vir dié vrug wil gebruik. Ons wil darem nog kan slaai eet en dit geniet.



njannieskapêla - Dit is 'n verafrikaansing van “yinyaniso kaphela” (uit Zulu en Xhosa) wat beteken “dit is net die waarheid”.



fundi (ook “foendi” of “foendie”) - Afgelei van die Zulu- en Xhosawoord vir “onderwyser”, “umfundisi”, wat afgelei is van “funda”, wat beteken “lees”.

Inligting voorsien deur die Virtuele Instituut vir Afrikaans (Viva) in samewerking met Afrikaans.com.

Vir meer inligting, besoek viva-afrikaans.org en www.afrikaans.com



AFRIKAANS.COM

VIVA
VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS